SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 23 JANUARIE 2005

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

In die nuus vandag:

MOET NIE DIE PRESIDENT SE NET EN DIE INTEGNET VANAAND MISLOOP NIE

SARL JEUGDAG 29 JANUARIE

SLUITINGSDATUM VAN DIE 7066 TEGNIESE UITMUNTENDHEIDSTOEKENNINGS VERANDER

VERDERE OPROEP VIR LESINGS VIR AMSATCON2005

BESPREEK NOU VIR DIE VOLGENDE RTA-LESING

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Plaas asb. U berigte op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. In Afrikaans sowel as Engels.

MOET NIE DIE PRESIDENT SE NET EN DIE INTEGNET VANAAND MISLOOP NIE

Moet nie vanaand, Sondag 23 Januarie, om 19:00 die President se Net misloop nie. Die Integnet wat handel oor satelliete volg na die President se Net om 20:00. Dit beloof om 'n opwindende aand van amateurradio te wees.

AMSAT Noord-Amerika se President Rick Hambley, W2GPS, sal die gasspreker wees. Rick, wat projekbestuurder vir AMSAT Oscar 51 was, is in Oktober verlede jaar verkies as President. Hy sal oor AO 51 en Projek Eagle, 'n nuwe satellietprojek, gesels.

Klubs word genooi om nou te bespreek om hulle herhaler te koppel. Stuur 'n e-pos voor 12:00 vandag aan armi@sarl.org.za met die volgende besonderhede: herhalerfrekewensie, dekkingsarea en die telefoonnommer wat gekoppel moet word.

SARL JEUGDAG

Die eerste SARL Jeugdag sal op Saterdag 29 Januarie vanaf 09:00 tot 13:00 gehou word. Die doel van hierdie aktiwiteit is om vir jongmense die geleentheid te bied om met ander jongmense in ander dele van Suid-Afrika te gesels. Kontake kan op die 20, 40 en 2 meterbande gemaak word. Daar moet tenminste die naam en ouderdom van die jongmens uitgeruil word, maar hulle word aangemoedig om te gesels en meer uit te vind van die mense in ander dele van ons land.

Radioklubs en radioamateurs word versoek om 'n stasie by 'n winkelkompleks, by skoolaktiwiteite, ens. op te rig en toe te laat dat die jongmense kennis maak met amateurradio.

SLUITINGSDATUM VAN TDIE 7066 TEGNIESE UITMUNTENDHEID-STOEKENNINGS VERANDER

Die Toekenningsbestuurder van die SARL, Tjerk Lammers ZS6P, het ons ingelig dat die sluitingsdatum vir die Tinus Lange 7066 Tegniese Uitmuntendheidstoekennings vanaf 18 Maart 2005 na 31 Januarie 2005 vervroeg is.

Die Tinus Lange 7066 Tegniese Uitmuntendheidstoekenning en Tinus Lange 7066 Junior Tegniese Uitmuntendheidstoekenning word jaarliks toegeken aan persone wat 'n tegniese projek in een van die volgende kategorieë indien:

a. Ontwerp en/of konstruksieprojek soos van 'n voorversterker, SGV-brug, herleikassie, outomatiese ID-er, praktiese antenna-idees, mas, draagbare toerusting, kragbron, ens.,

OF

b. Enige sagteware vir amateurradiogebruik.

Die inskrywing moet die volgende insluit: die werklike item (as grootte en massa dit toelaat) of fotos (veral in die geval van antennas/maste, ens) en 'n volledige beskrywing in artikelformaat met illustrasies/prente gereed vir publikasie in Radio ZS.

Die werklike artefak en die ondersteunende dokumentasie - dws persgereed vir Radio ZS, en enige ander dokumentasie, moet nie later nie as 31 Januarie 2005 by die NARS afgelewer word. Alle inskrywings sal by die AJV tentoongestel word (waar prakties moontlik, anders fotos) en die toekennings sal tydens die jaarlikse dinee gemaak word. Die twee toekennings is die Junior Tegniese Uitmuntendheidstoekenning (Onder 25 jaar oud), 'n geraamde sertifikaat en 'n kontanttoekenning van R350 en die Tegniese Uitmuntendheidstoekenning, 'n geraamde sertifikaat en 'n kontanttoekenning van R350. Opskud, U het nog net een week tyd om u nominasies in te stuur.

VERDERE OPROEP VIR LESINGS VIR AMSATCON2005

Hierdie is no 'n oproep vir lesings om aangebied te word by AMSATCON2005, die jaarlikse Amateurradiosatellietkonferensie wat deur SA AMSAT by-

eengeroep word. Die konferensie sal op Saterdag 14 Mei 2005 by die Nasionale AmateurRadioSentrum, Radiokop, Roodepoort, Gauteng gehou word.

'n Uitnodiging word gerig vir lesings wat amateurradiosatellietbedryf, BHF-voortplanting, orbitale dinamika, swakseinontvangs, satellietantennas en verwante tegnologieë dek.

Opsommings van voorgestelde lesings moet teen 28 Februarie voorgelê word. Teen 5 Maart sal voornemende aanbieders van aanvaarding van hul lesings in kennis gestel word en die volledige lesings moet teen 15 April 2005 ingedien wees.

Voorleggings moet in MSWord ingedien word en mag per e-pos gestuur word aan saamsat@intekom.org.za.

2005 KONSTRUKSIEPROJEKKOMPETISIE AANGEKONDIG

Die Suid-Afrikaanse Amateurradio-Ontwikkelingstrust het besonderhede van sy 2005 Konstruksiekompetisie bekend gemaak. Die Trust het verlede jaar die konstruksiekompetsie geloods. Vir 2005 is die projek `n laekrag tweeband HF GG send/ontvanger vir 20 en 40 meter wat ten volle verstelbaar is metn` uitset van ten minste 10 watt. Die ontwerp moet gebruik maak van komponente wat plaaslik beskikbaar is en buiten die kabinet moet dit in monteerstelvorm nie meer as R500 kos nie.

Daar is twee stadiums vir inskrywings. Die eerste stadium is die ontwerp op papier, wat die volle spesifikasies en `n volledige beskrywing behels. Die inskrywing vir die eerste stadium moet die Trust teen 31 Maart 2005 bereik. Drie inskrywings sal gekies word en elkeen ontvang R1 000 vir stadium 2. Stadium 2 behels die bou vann` prototipe, wat in 'n kabinet moet wees, met konstruksiebesonderhede, kringdiagramme en bedryfsinstruksies. Die voltooide eenheid met al die dokumentasie moet teen 31 Mei 2005 deur die Trust ontvang word.

Die wenner van stadium 2 sal `n Icom IC-V8 handdraagbare send/ontvanger, geborg deur Multiscource, ontvang. Die twee naaswenners sal elkeenn` 2005 ARRL Handboek ontvang. Volledige besonderhede van die kompetisie kan of op die Suid- Afrikaanse Amateurradio-Ontwikkelingstrust se webwerf by www.amateurradio.org.za gevind word, of deur 'n e-pos aan saardt@intekom.co.za te stuur of per faks na 012 991-5651. Geskrewe aansoeke vir die kompetisie-inligting moet gepos word na Posbus 90438, Garsfontein 0042.

BESPREEK NOU VIR DIE VOLGENDE RTA-LESING

Die volgende RadioTegnologie-in-aksie-lesing word op Saterdag 12 Februarie 2005 aangebied. Prof. Justin Jonas sal praat oor die "Square Kilometre Array" en die onsigbare heelal. Die lesing is deel van die SARL se RadioTegnologie-in-Aksie-program, wat op nuwe en ontluikende kommunikasie en elektroniese tegnologie fokus.

Die lesing, wat om 10:00 begin, sal by die SARL Nasionale AmateurradioSentrum by Sender Technology Park in Roodepoort gehou word. Besprekings is belangrik en 'n toegangsfooi van R20,00 is by die deur betaalbaar. Om te bespreek bel die SARL by 011 675 2393 of stuur 'n e-pos aan admin@sarl.org.za. Besoek www.sarl.org.za vir meer inligting.

KLUBNUUS

PEARS NASIONALE BHF/UHF-KOMPETISIE

Die PEARS Nasionale BHF/UHF-Kompetisie eindig vanmiddag om 18:00. So daar is nog tyd om aan die kompetisie deel te neem. Vanjaar is die eerste jaar dat die 4 meterband ingesluit word. Aktiwiteit sal op die 6 m, 4 m, 2 m, 70 sm en 23 sm bande plaasvind. Deelname sluit in Digitale stasies, Analoog enkeloperateur, Analoog Klub of Multi-Operateur en Analoog QRP 2 m (FM Alleen). Die volledige reëls en die adres vir logstate is beskikbaar op die PEARS-webwerf nl. www.qsl.net/zs2pe.

OOS-RAND VLOOIMARK

Die Oos-Rand Radioklub bied 'n vlooimark op 5 Februarie 2005 vanaf 09:00 hul klubhuis in Springs aan.

Tafels is R20-00 en besprekings kan gedoen word by Johanna Harris by tel. 011-814-2121. Die vlooimark is ook die geleentheid waar die BHF/UHF liniêre versterker weggegee sal word. Kaartjies is nog beskikbaar.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat vir die eerste keer in maande die afgelope week deur massas aktiwiteite op die son gekenmerk was - sommige totaal onverwags en ander buitengewoon. Die sonvlekgetal was Donderdag 81,3 teenoor verlede week se 35,8. Op 18 Januarie het dit tot 110 gestyg en weer baie vinnig gedaal. Daar was ook vir die eerste keer in maande 'n sonvlekhoogtepunt- en wel op 14 Januarie. Op 19 Januarie was daar 'n buitengewone storm op die son en sonwinde het 'n spoed van nie minder nie as 1002 km/sek. bereik(3 600 000 km/uur!). Op 20 Januarie het 'n baie sterk protonstorm die aarde bereik wat radiokommunikasie wêreldwyd ontwrig het- dit was van so 'n omvang dat dit die grootste in die huidige siklus mag wees. Verdere stormagtige toestande mag tot 23 Januarie duur. Wat het al hierdie dinge vir voortplanting beteken? Amper niks! Uit die aard van die saak was die hoë sonvlekgetal presies wat ons gesoek het, maar die gelyktydige stormagtige toestande het alles vernietig. Die voorspelling is dan ook dat toestande ongelukkig swak sal bly.

DAGBOEK VAN GEBEURE

23 Januarie - Presidentsnet en Integnet; 29 Januarie - SARL-Jeugdag; 31 Januarie - Sluitingsdatum vir Tinus Lange 7066 Toekennings; 05 Februarie - Oos Rand Radioklub Vlooimark; 10 Februarie - Lesingsvoorstelle vir AMSATCON2005 in te dien; 12 Februarie - RTA-lesing by NARS om 10:00; 12 en 13 Februarie - SARL HF Velddag; 31 Maart - Finale lesings vir AMSATCON2005

in te dien; sluitingsdatum vir stadium 1 van die 2005 Konstruksiekompetisie; 08 April - SARL Toekenningsdinee 09 April - AJV van die SARL; 14 Mei - AMSATCON2005; 31 Mei - sluitingsdatum vir stadium 2 van die 2005 Konstruksiekompetisie;

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 700, 9 750 en 7 082 kHz en verskeie 2 m herhalers in u omgewing te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin. Dit is saamgestel deur Dennis, ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gere?ld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens aan almal.

/EX